

Onthou die Here se wonderdade!

Asaf verkeer by die skryf van hierdie Psalm in groot nood. Hy dink nog na oor die verwoesting van die heiligdom van God en kreun by die gedagte hieraan. Sy onsteltenis is so groot dat dit hom in die aande wakker hou. Hy neem daarom sy toevlug by God en bely: “Op die dag van my benoudheid soek ek die Here ...” Dit voel egter of God nie aan hom gehoor gee nie, erger as dit: hy voel asof hy van God verlate is, en hy bly in sy gebede ongetroos. Dit hou hom in die nagte wakker en hy worstel: Sal God my altyd verstoot? Gaan God nog goedgunstig wees? Tog bly ’n antwoord hom ontwyk en hy verval in sy smart.

Dan onthou Asaf die groot daad van die Here in die verlede: “Ek dink aan die daad van die HERE; ja, ek wil dink aan u wonders uit die voortyd.” God haal hom uit sy ellende en hy hou op om te broei op sy *sorge*, *maar wend hom tot die almag van die Here*. Hy dink aan God se genadedaad van die verlede – en dan verander alles. Hy ontdek die wonderlikheid van die Here. Hy loof God vir sy grootheid, vir die daad van redding – “waters sidder”, “wolke reën”, “donderslae dreun” – God lei sy volk na veiligheid.

God leer ons daarom hier dat ons nie op onself moet staatmaak en moet vashou aan bekommernis nie. Hy is immers die enigste Een wat in jou lewe al (dink na hieroor) met daad van almag en wysheid gewys het wie Hy is. Die blote feit dat jy sy Naam kan bely, is die grootste van hierdie wonders. Met groot erns moet jy gefokus bly op die Here – op die beloftes wat Hy gegee het en dit wat Hy reeds gedoen het. Wanneer jy onthou dat God ons in Matteus 28:20 belowe het dat Hy met ons sal wees tot die voleinding van die wêreld, sal jou gevoel van godverlatenheid verdwyn, op die Here se bestemde tyd. Moet daarom nie verder broei op jou probleme en in die proses van God vergeet nie.

Onthou: Kommer is soos ’n wiegstoel. Dit gee jou iets om te doen, maar dit bring jou nêrens nie.

Sing: Psalm 9:1-5